



GRAAD 10 – VRAESTEL

Bestek	
OU TESTAMENT	Prediker 5 - 9
NUWE TESTAMENT	Handelinge 1 - 3
LES	Les 1- 9

Afdeling A: Prediker 5 - 9

Vraag 1: Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 As jy 'n _____ aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie (Pred.5:3)
a) daad b) gelofte c) guns d) belofte
- 1.2 'n Groot voordeel vir die land, is 'n koning wat aan die _____ diensbaar word (Pred.5:8)
a) landbou b) mense c) besighede d) koningin
- 1.3 Soet is die slaap van die _____ of hy min en of hy baie eet (Pred.5:11)
a) koning b) arbeider c) getroude man d) dwaas
- 1.4 Want wie weet wat goed is vir die mens wat hy soos 'n _____ deurbring? (Pred.6:12)
a) vreugde b) oomblik c) skaduwee d) hoop
- 1.5 Daar is geen regverdigde mens op die aarde wat goed doen sonder om te ____ (Pred.7:20)
a) trou nie b) hoop nie c) lees nie d) sondig nie
- 1.6 Hy wat die _____ onderhou, sal geen kwaad ondervind nie (Pred.8:5)
a) liefde b) wingerde c) gebod d) land
- 1.7 Solank as iemand by al die _____ behoort is daar hoop (Pred.9:4)
a) geld b) lewendes c) rykes d) hooghartiges
- 1.8 'n Lewendige hond is beter as 'n dooie _____ (Pred.9:4)
a) leeu b) mens c) dwaas d) haas
- 1.9 Daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die _____ waar jy heengaan nie (Pred.9:10)
a) skool b) doderyk c) land d) huwelik
- 1.10 Die wysheid van die _____ word verag, en na sy woorde word nie geluister nie (Pred.9:16)
a) onderwyser b) koning c) arme d) despoot

Vraag 2: Vul die ontbrekende woord op die antwoordstel in:

gebod, mag, mond, sondeskuld, goddeloosheid, gesant, heerskappy, toornig, hande, vrystelling

- 2.1 Laat jou A nie toe om op jou liggaam 'n B te laai nie (Pred.5:5)
- 2.2 Sê nie voor die C van God: Dit was 'n vergissing nie (Pred.5:5)
- 2.3 Waarom moet God D word oor jou stem en die werk van jou E verwoes (Pred. 5:5)
- 2.4 Daar is geen mens wat F het oor die wind nie (Pred.8:8)
- 2.5 Niemand het G oor die dag van die dood nie (Pred.8:8)
- 2.6 Daar is geen H in die oorlog nie (Pred.8:8)
- 2.7 So sal ook die I hom wat dit begaan, nie red nie (Pred.8:8)
- 2.8 Hy wat die J onderhou, sal geen kwaad ondervind nie (Pred.8:5)

Vraag 3: Vul in op jou antwoordstel: Waar of Vals

- 3.1 Wees haastig met jou mond. (Pred. 5:2)
- 3.2 Alles is tevergeefs en 'n gejaag na wind. (Pred. 6:12)
- 3.3 Jou woorde moet min wees, want God is in die hemel en jy op die aarde. (Pred. 5:1)
- 3.4 'n Goeie naam is beter as goeie olie, en die sterfdag beter as die geboortedag. (Pred. 7:1)
- 3.5 As die gesig droewig is, gaan dit sleg met die hart. (Pred. 7:3)
- 3.6 Afpersing maak 'n dwase wys en 'n geskenk doen die hart goed. (Pred. 7:7)
- 3.7 Ek het iets uitgevind soeter as die dood: die vrou wat strikke stel. (Pred. 7:26)
- 3.8 Neem die bevel van die koning in ag, en wel terwille van die eed by God. (Pred. 8:2)
- 3.9 Alles is gelyk vir almal: een en dieselfde lot vir die regverdige en goddelose. (Pred. 9:2)
- 3.10 Die wysheid is dikwels vir ander beter as vir die besitter. (Pred. 9)

Vraag 4: Vul die ontbrekende woord op die antwoordstel in:

slimmes, oorlog, lotgeval, wedloop, brood

- 4.1 Die _____ is nie vir die vinniges en die _____ nie vir die helde nie; en ook die _____ is nie vir die wyse of ook rykdom vir die _____ of ook guns vir die verstandiges nie; want tyd en _____ tref hulle almal. (Pred. 9:11)

35 Punte

Afdeling B - Handeling 1 - 3

Vraag 5: Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Jesus gee sy dissipels bevel om in Jerusalem te wag op die _____ van die Vader (Hand. 1:4)
a) tye b) gestuurdes c) gawes d) belofte
- 5.2 Jesus het opgevaar na die hemel van die _____ naby Jerusalem 'n sabbatsreis ver. (Hand. 1:12)
a) Olyberg b) Hermonberg c) Sanaï-berg d) Karmelberg
- 5.3 Daar staan gekrywe in die boek van die _____ : Laat sy woonplek woes word, en laat daar geen inwoner in wees nie! (Hand. 1:20)
a) Regverdige b) Psalms c) Prediker d) Profete
- 5.4 Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die _____ ontbind het. (Hand. 2:24)
a) kruis b) oorloë c) dood d) goddelose
- 5.5 Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n _____. (Hand. 2:35)
a) voetbank van u gereg b) slawevolk c) voetbank van u voete d) mishoop
- 5.6 Dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die _____ (Hand. 2:46)
a) geloof b) huis c) stad d) Tempel
- 5.7 En hulle het hulle voedsel met blydschap en _____ van hart geniet (Hand. 2:46)
a) swarigheid b) danksegging c) eenvoudigheid d) biddend
- 5.8 En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die _____. (Hand. 2:47)
a) wat in nood was b) wat gered is c) apostels d) weduwees
- 5.9 Maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore _____ het deur die mond van al sy profete (Hand. 3:18)
a) verkondig b) beveel c) geprofeteer d) gespreek
- 5.10 Christus wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die _____ van alle dinge. (Hand. 3:21)

a) einde

b) wederoprigting

c) vernietiging

d) ontstaan

Vraag 6: Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

Theofilus, Barsabas, Abraham, Johannes, Jesus, Justus, Pilatus, Lukas, Petrus, Matthias

- 6.1 **Hand. 1** DIE HANDELINGE van die Heilige Apostels is deur A beskrywe
- 6.2 **Hand. 1:1** Soos die Evangelie van Lukas is Handeling opgedra aan B
- 6.3 **Hand. 1:5** Want C het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word.
- 6.4 **Hand. 1:23,26** En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is D, met die bynaam van E. Toe werp hulle die lot, en die lot het op F geval
- 6.5 **Hand. 3:1** En G en Johannes het saam na die tempel opgegaan op die uur van die gebed
- 6.6 **Hand. 3:13** Die God van H en Isak en Jakob, die God van ons vaders, het sy Kind I verheerlik, Hom wat julle oorgelewer en voor J verloën het...

Vraag 7: Vul die antwoord op die antwoordstel in: Waar of Vals

- 7.1 Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie (Hand. 1:7)
- 7.2 Hierdie Jesus wat opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het (Hand. 1:11)
- 7.3 Judas het Jesus laat gevange neem en 'n stuk grond gekoop met die loon van geregtigheid (Hand. 1:17-18)
- 7.4 Die menigte het saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek (Hand. 2:6)
- 7.5 Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom (Hand. 2:20)
- 7.6 Christus se siel is in die doderyk verlaat en sy vlees het verderwing gesien (Hand. 2:31)
- 7.7 Die wat toe die brood en wyn met blydschap aangeneem het, is gedoop. (Hand. 2:41)
- 7.8 Almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit (Hand. 2:44)
- 7.9 En op die uur van gebed, die negende uur, is 'n sekere man aangedra wat van sy geboorte af blind was. (Hand. 3:1-2)
- 7.10 Want Dawid het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n profeet verwek uit julle broeders... (Hand. 3:22)

Vraag 8: Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Wat ontvang die eerste mense wat tot bekering kom en hulle laat doop in die Naam van Jesus Christus? (Hand. 2:38) (1)
- 8.2 In watter vier dinge het die eerste bekeerdes, volhard? (Hand. 2:42) (4)

35 punte

Afdeling C - Les 1-9

Vraag 9: Vul jou antwoorde op die antwoordstel in: Waar of Vals.

- 9.1 Voortgesette daaglikse bekering is heiligmaking tot die einde van jou lewe. (Les 2)

- 9.2 Ware bekering is slegs moontlik deur die genadewerking van die Heilige Gees. (Les 2)
- 9.3 By die bekering is jy bewus van wat met jou gebeur en wat jy doen. (Les 2)
- 9.4 Goeie werke is noodsaaklik om 'n deel van jou ewige saligheid te verdien. (Les 3)
- 9.5 Goeie werke word uit 'n ware geloof volgens die wet van God, tot sy eer gedoen. (Les 3)
- 9.6 Die wet van God is ons kenbron van sonde, en wys ons dus hoe goed ons is. (Les 4)
- 9.7 Ware liefde moenie verwar word met humanistiese medemenslikheid nie. (Les 4)
- 9.8 Ek moet terwille van goeie menswees alle afgodery, towery, en waarsêery vermy. (Les 5)
- 9.9 Afgodery is om in die plek van die ware God, iets anders te versin of te hê, waarop jy jou vertroue stel. (Les 5)
- 9.10 Skepsele mag wel afgebeeld word solank ons dit nie vereer of God daardeur dien nie. (Les 6)

Vraag 10: Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

vernuwe, genade, dankbaarheid, godsalige wandel, goeie werke, versekerd, verdienste, homself, vrygemaak, bewys

- 10.1 Heidelbergse Kategismus Vraag 86:
Aangesien ons uit ons ellende, sonder enige A van ons kant, alleen uit B deur Christus verlos is, waarom moet ons dan nog C doen?
- 10.2 Omdat Christus nadat hy ons met sy bloed gekoop en D het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld E
- 10.3 Sodat ons met ons hele lewe aan God F vir sy weldade sal G
- 10.4 Dan ook, dat elkeen by H van sy geloof uit die vrugte I kan wees
- 10.5 En dat deur ons J ons naaste vir Christus gewin kan word. (Les 1)

Vraag 11: Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Voltooi: Die HK is ingedeel in drie dele nl. a) _____, b) _____, c) _____. (Les 1) (3)
- 11.2 Uit hoeveel dele bestaan die bekering van die mens? Gee die dele. (Les 2)(2)
- 11.3 As towery 'n nabootsing van die almag van God is, wat is waarsêery? (Les 5)
- 11.4 As ons nie beelde in die Kerk mag toelaat nie, hoe wil God dan hê, dat ons onderrig word? (Les 6)
- 11.5 Wanneer mag jy 'n eed aflê? (Les 7)
- 11.6 Wat sê die Kategismus wat handel oor die vierde gebod vandie res van die week? (Les8)
- 11.7 Wat is die hoofsaak wat die vyfde gebod van jou vra? (Les 9)

30 punte
Totaal: 100 punte